
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# JUNIE 2024

# GEOGRAFIE NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 14 bladsye.

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A


### VRAAG 1: KLIMAAT EN WEER

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | C (1) | | |
| | 1.1.2 | D (1) | | |
| | 1.1.3 | B (1) | | |
| | 1.1.4 | D (1) | | |
| | 1.1.5 | B (1) | (5 x 1) | (5) |
| 1.2 | 1.2.1 | Aard (1) | | |
| | 1.2.2 | Katabatiese (1) | | |
| | 1.2.3 | Styg (1) | | |
| | 1.2.4 | Winter (1) | | |
| | 1.2.5 | Ryp (1) | (5 x 1) | (5) |
| 1.3 | 1.3.1 | Volwasse (1) | (1 x 1) | (1) |
| | 1.3.2 | Geleë in die warm sektor (1)<br>Voor die kouefront (1)<br>**[ENIGE EEN]** | (1 x 1) | (1) |
| | 1.3.3 | Verander van ’n noordwestelike wind na ’n westelike / suidwestelike wind (1)<br>Die windsterkte verminder (1)<br>Die windrigting sal in ’n antikloksgewyse rigting verander (1)<br>**[ENIGE EEN]** | (1 x 1) | (1) |
| | 1.3.4 | Kloksgewyse sirkulasie van lug in ’n laedruksel (in die suidelike halfrond) (2)<br>Lug beweeg langs die druk en wyk af (links) as gevolg van Coriolis-krag (2)<br>**[ENIGE EEN]** | (1 x 2) | (2) |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3.5




**Punte word toegeken vir korrekte posisie en vorm getoon:**
- Lugbeweging (opheffing van lug) (1)
- Cumulonimbus (Cb) wolke (1)
- Swaar reën / stortreën (1) (3 x 1) (3)

1.3.6 Die koue front wat vinniger beweeg, onderskep / gaan die warm front verby. (2)
Die warm lug word gedwing om te styg, wat tot 'n vernouing van die warm sektor lei. (2)
Die koudste lug word agter die koue front gevind wat veroorsaak dat die warm lug langs die koue front opgelig word (2)
Die koel lug (voor die warm front) is heeltemal opgehef. (2)
Die stelsel ontbind sodra die warm lug verplaas is, en daar is slegs koue lug op die oppervlak is (2)
**[ENIGE DRIE]** (3 x 2) (6)

1.4 1.4.1 'n Laag in die atmosfeer waarin lugtemperatuur met hoogte toeneem. (2)
**[KONSEP]** (1 x 2) (2)

1.4.2 A (1) (1 x 1) (1)

1.4.3 Sterker dalende lug (2)
Sterk daling (2)
Meer duidelike / ontwikkelde antisikloon (2)
Sterker anti-sikloniese dalende lug (2)
Goed ontwikkelde Kalahari-hoogdruksel (2)
Swakker konveksiestrome oor die binneland van SA (2)
Kouer temperatuur beteken minder stygende lug (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

1.4.4 Droë toestande (1)
Lae humiditeit (1)
Ryp (1)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

Kopiereg voorbehou SA EXAM PAPERS 

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.4.5 **Verduidelik hoe** die subtropiese antisiklone die klimaat oor die binneland van Suid-Afrika gedurende die somer beïnvloed.

Gedurende die somer is die Kalahari-hoogdruksel nie baie goed ontwikkel nie, aangesien dit krimp en verswak. (2)
Die verswakte Kalahari-hoëdrukselle laat die inversielaag bokant die plato / platorand lê. (2)
Warm vogtige lug (vanuit die Suid-Indiese antisikloon) kan die binneland van die land bereik as gevolg van die verswakte Kalahari-hoogdruksel. (2)
Die suid-Indiese hoogdruksel, geleë oor die Indiese Oseaan, verskaf warm, vogtige lug (reën) as gevolg van die antisikloniese sirkulasie. (2)
Divergensie van lug (NO-winde) vanuit Suid-Indiese antisikloon na die binneland bring reën. (2)
Onstabiele toestande veroorsaak dat lug (uit die Suid-Indiese antisikloon) styg, kondensasie voorkom en wolke / reën vorm.
As gevolg van die verswakte Kalahari-hoëdruksel sak minder lug (minder saamgeperste lug wat verhit word).
Koue en droë lug divergeer (SW) vanuit die Suid-Atlantiese hoogdruk, wat koue droë winde na die land bring. (2)
Inwigging van die Suid-Atlantiese hoogdruk divergeer vogtige lug vanuit die Indiese Oseaan na die land. (2)
ʼn Sterk suidoostelike wind vanuit die suid-Atlantiese wig bring ʼn sterk aanlandige wind (2)
**[ENIGE VIER – MOET DIE INVLOED VAN TEN MINSTE TWEE VAN DIE DRIE SUBTROPIESE ANTISIKLONE INSLUIT]**
**[STELLING MOET GEKWALIFISEER WORD]** (4 x 2) (8)

**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 2: GEOMORFOLOGIE

2.1 2.1.1 A (1)

2.1.2 B (1)

2.1.3 C (1)

2.1.4 C (1)

2.1.5 B (1) (5 x 1) (5)

2.2 2.2.1 X (1)

2.2.2 Z (1)

2.2.3 Z (1)

2.2.4 X (1)

2.2.5 X (1) (5 x 1) (5)

2.3 2.3.1 Die totale oppervlakte gedreineer deur ŉ rivier en sy sytakke. (2)
**[KONSEP]** (1 x 2) (2)

2.3.2 A (1) (1 x 1) (1)

2.3.3 Meer strome verhoog die stroomorde. (2)
Hoe meer strome daar is; hoe hoër die stroomorde. (2)
Minder strome verminder die stroomorde. (2)
Hoe minder die aantal strome; hoe laer die stroomorde. (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

2.3.4 Die totale lengte van strome sal toeneem wat die dreineringsdigtheid sal verhoog (2)
Die stroomorde sal toeneem wat die dreineringsdigtheid sal verhoog (2)
Verhoogde afloop sal ŉ hoër dreineringsdigtheid tot gevolg hê (2)
Meer vingerpuntstrome sal ŉ hoër dreineringsdigtheid tot gevolg hê (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.3.5 **Verduidelik waarom B 'n laer dreineringsdigtheidbekken het in vergelyking met A.**

In **B** is daar meer plantegroei wat water onderskep, wat afloop verminder / infiltrasie verhoog. (2)
In **B** beteken die verhoogde plantegroei dat die wortels ruimtes skep wat infiltrasie bevorder. (2)
In **B** het bebossing die gevolg dat die tempo van onderskepping verhoog word, wat infiltrasie verhoog.
Die nedersetting (in **B**) onttrek water vir huishoudelike gebruik, wat die hoeveelheid afloop verminder en die dreineringsdigtheid verminder.
Onttrekte water vir die bewerkte lande (in **B**) verminder die dreineringsdigtheid namate afloop afneem. (2)
Minder strome in **B** in vergelyking met A (met dieselfde grootte dreineringsbekken) beteken dat die dreineringsdigtheid laer is. (2)
In **B** verhoog warmer temperature die verdampingstempo en verminder die afloop. (2)
Lang periodes van reënval (**B**) versadig die grond; verminder infiltrasie en lei tot hoër oppervlakafloop. (2)
Sagter / minder intensiewe reënval (by **B**) bevorder die infiltrasie van water in die grond, wat afloop verminder. (2)
Onversadigde grond (in **B**) bevorder infiltrasie en verminder afloop. (2)
Deurlaatbare grond (hoër deurlaatbaarheid) (in **B**) laat water maklik daardeur beweeg, wat infiltrasie en minder afloop moontlik maak. (2)
Poreuse rots (in **B**) (d.w.s. sandsteen) het ruimtes wat infiltrasie van water moontlik maak. (2)
**[ENIGE VIER – VERKLARING MOET GEKWALIFISEER WORD]**
(4 x 2) (8)

2.4 2.4.1 Stroom-op (1) (1 x 1) (1)

2.4.2 Onbehandelde / onvoldoende behandelde riool (1)
Industriële afval (1)
Besoedelde afloop (van informele nedersettings) (1)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

2.4.3 Om die tipe / bron van besoedeling te identifiseer (2)
Identifiseer probleme sodat waterkwaliteit getoets / gemonitor kan word (2)
Om die vlak van waterbesoedeling te bepaal (2)
Om die omvang van die probleem te ken (2)
Om te weet watter strategieë om te implementeer (2)
Vir voortgesette navorsing (2)
Toets / monitor die waterkwaliteit (2) (aanvaar voorbeelde)
Identifiseer die oorsprong van die waterbesoedeling (2)
Om te weet watter intervensiestrategieë om te implementeer (2)
Om deurlopende navorsing en voorspellings te doen (2)
Om te help met behoorlike waterbestuur (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.4.4 Besoedeling (mikro-örganismes) verlaag die waterkwaliteit, wat dit giftig maak vir diere (2)
Voedingstofbesoedeling lei tot giftige alge wat skadelik vir wild kan wees (2)
Die afbreek van rou riool in water gebruik baie water wat die hoeveelheid suurstof wat vir plante en diere beskikbaar is, verminder (2)
Die ewewig van die rivier verander en verminder die rivierhabitats
Verhoogde nitraat moedig groei van alge aan (2)
Deposito's van skadelike stowwe (aanvaar voorbeelde) verhoog die groei van alge in die water (2)
Algebloei verminder suurstofvlakke in die water (2)
Verhoogde voedingstowwe en organiese materiaal veroorsaak eutrofikasie (2)
Eutrofikasie veroorsaak die groei van mikroörganismes wat suurstofkonsentrasie verminder wat die dood van vis veroorsaak (2)
Eutrofikasie versmoor plante en diere (2)
Giftige kontaminante kan 'n organisme se lewensduur en vermoë om voort te plant verminder (2)
Verminderde suurstof maak dit moeilik vir visse en ander waterlewe om te oorleef / suurstofhongersnood (2)
Alge-akkumulasie op die wateroppervlak verhoed dat sonlig binnedring, wat fotosintese belemmer (2)
Gifstowwe versamel / werk hul pad op in die voedselketting (2)
Chemikalieë is giftig vir waterlewe, wat akwatiese habitatte ontwrig / akwatiese ekosisteme uitput (2)
Veranderde ekosisteme kan vernietiging van biodiversiteit veroorsaak (verminderde biodiversiteit) wat kan lei tot uitsterwing van spesies (2)
Verhoogde voedingstowwe, alge en rioolswamme skep 'n wanbalans in die ekosisteem (2)
Rioolafvoer verander plant-, dier- en mikrobegemeenskappe en verhoog die oorvloed van skadelike spesies (2)
**[ENIGE TWEE – STELLING MOET GEKWALIFISEER WORD]**
(2 x 2) (4)

2.4.5 Raadpleging en skep van openbare deelname / opvoeding rondom die gebruik van water op 'n volhoubare manier (2)
Opvoeding van mense oor die belangrikheid van rivierbestuur (2)
Skep bewustheid (aanvaar voorbeelde) (2)
Riviergesondheidsprogramme (2)
Wetgewing wat besoedeling rondom Mthatharivier verbied (2)
Reik boetes uit vir onwettige storting/besoedeling van die rivier (2)
Gereelde monitering en toetsing van die waterkwaliteit (2)
Implementeer effektiewe instandhouding en opknapping van die rioolpompe en afvalwaterwerke (2)
Buffering rondom die Mthatharivier wat nedersettingsontwikkeling voorkom (2)
Bekendstelling van doeltreffende afvalverwydering rondom die Mthatharivier (2)
Buffering van die Mthatharivier-opvangsgebied (2)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



Beoefen groen landbou (aanvaar voorbeelde) (2)
Verminder ontbossing (2)
Verminder besoedeling van (grond) water (2)
Implementeer wetgewing (aanvaar voorbeelde) (2)
Verskaf aansporings (aanvaar voorbeelde) (2)
Brei afvalwaterbehandeling uit / verbeter dit (2)
Verseker stormwaterbestuur (2)
Verseker bewaring van vleilande (2)
Behoorlike grondgebruikbeplanning (aanvaar voorbeelde) (2)
Gereelde toetsing (aanvaar voorbeelde) (2)
Verbeter infrastruktuur in informele nedersettings (aanvaar voorbeelde) (2)
Handhaaf watersuiwerendeplante (2)
Gereelde omgewingsimpakassesseringstudies (2)
Bebossing / Herstel die vloedvlakte/oewersone (2)
Implementeer wetgewing om besoedeling van die rivier te ontmoedig (2)
Bewusmakingsveldtogte om storting en besoedeling van rivier te voorkom (aanvaar voorbeelde) (2)
Bevorder herwinning van afvalwater voordat dit weer in die rivier vrygelaat word (2)
**[ENIGE DRIE]** (3 x 2) (6)

**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS

3.1 3.1.1 A (1)

3.1.2 C (1)

3.1.3 B (1)

3.1.4 D (1)

3.1.5 B (1) (5 x 1) (5)

3.2 3.2.1 A (1)

3.2.2 B (1)

3.2.3 B (1)

3.2.4 B (1)

3.2.5 A (1) (5 x 1) (5)

3.3 3.3.1 Arm munisipaliteite (1)
Wanbestuur van fondse (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

3.3.2 Namate mense van die landelike gebiede na die stedelike gebiede migreer, word die aantal mense in landelike gebiede minder. (2)
(1 x 2) (2)

3.3.3 Jong volwassenes (ekonomies aktief) beweeg weg (2)
Minder geld sirkuleer deur gebied (2)
Afname in die beskikbare arbeidspoel (2)
Bekwame mense vertrek / Breindrein (2)
Daar is meer ou mense wat agterbly (2)
Verminder voedselproduksie (2)
Verminder inkomste uit uitvoere (2)
Basiese dienste sluit (aanvaar voorbeelde) (2)
Daar is ŉ vermindering in die waarde van eiendom (2)
Minder ekonomiese aktiwiteite (aanvaar voorbeelde) (2)
Oorblywende besigheid / dienste verhoog pryse (2)
Afname in werksgeleenthede (2)
Verminderde koopkrag (laer salarisse) / minder kliënte (2)
Hulpbronne word onderbenut (aanvaar voorbeelde) (2)
Gebrek aan beleggings (2)
Plase sal verlaat word (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.3.4 Verduidelik hoe die ontwikkeling van infrastruktuur in landelike gebiede kan help om die impak van landelike ontvolking te verminder.

Indiensneming word geskep deur verskeie infrastrukture wat gevestig en in stand gehou word (2)
Beter paaie sal ekonomiese aktiwiteit vergemaklik (aanvaar voorbeelde) (2)
Verbeterde paaie sal vinnige vervoer van goedere vergemaklik (aanvaar voorbeelde) (2)
Beleggers sal gelok word wat indiensneming sal verhoog (2)
Brûe sal makliker beweging van mense en goedere bevorder (2)
Waterinfrastruktuur sal voorsiening van water verseker om ekonomiese aktiwiteite te ondersteun (aanvaar voorbeelde) (2)
Tuisgebaseerde besigheid sal meer toeganklik wees met die ondersteuning van infrastruktuur (2)
Kommunikasienetwerke / telekommunikasie help sake-ondernemings om handel te dryf (2)
Veselkabels (internetinfrastruktuur) help studente / besighede om meer holisties deel te neem (2)
Kragtoevoerlyne vergemaklik besighede / huise om elektrisiteit te hê (2)
Infrastruktuur vir hernubare energie (aanvaar voorbeelde) sal bydra tot die voorsiening van basiese behoeftes / werk skep (2)
Spoorlyne sal die vervoer van goedere / mense wat makliker toegang bevorder, moontlik maak (2)
Damme sal voorsiening van water na verskeie ekonomiese sektore verseker (2)
Verbeterde lewenskwaliteit beperk migrante wat weg trek op soek na ŉ beter lewe (2)
Meer toeganklikheid deur paaie / spoorweg wat handel en beweging verbeter. (2)
**[ENIGE VIER – STELLING MOET GEKWALIFISEER WORD]**
(4 x 2) (8)

3.4 3.4.1 ŉ Gebied in ŉ stedelike nedersetting met een hooffunksie.
**[KONSEP]** (1 x 2) (2)

3.4.2 Hoë vlak van toeganklikheid (1)
Baie vervoerroetes / verskeidenheid vervoer (1)
Hoë grondwaardes / (funksionele) prestige (1)
(Funksioneel) Gerief / gerieflike ligging (1)
(Funksioneel) Magnetisme / funksionele groepering (1)
Groot verskeidenheid / konsentrasie van gespesialiseerde goedere en dienste (1)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

3.4.3 Misdaad (hoë vlakke van straatmisdaad) (1)
Veiligheidskwessies (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

Kopiereg voorbehou 

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.4.4 Trekfaktore
Minder opeenhoping / minder verkeer (2)
Korter pendel / nader aan voorstede (2)
Geleë op groot verkeersroetes (2)
Minder misdaad (2)
Effektiewe sekuriteit / toesig (2)
Laer huurgeld
Laer grondwaardes (2)
Nader aan woongebiede (2)
Meer parkering beskikbaar (2)
Aantreklike omgewing / estetiese aantrekkingskrag (aanvaar voorbeelde (2)
Beskikbaarheid van persele / meer waarde vir geld (2)
Minder besoedeling (2)
Die nabyheid (aan kliënte/markte/werknemers) (2)
Meer moderne geboue / sakeparke (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

3.4.5
Besighede sal teruggelok word / aangetrek word na die SSK (2)
Verhoog belegging (publiek / privaat) (2)
Grond / eiendom pryse sal styg (2)
Skep 'n mededingende eiendomsmark as gevolg van hoë aanvraag (2)
Verhoogde voetverkeer en meer kliënte getrek na area (2)
Hoër vraag sal konstruksie / ontwikkeling verhoog wat indiensneming sal bevorder (2)
Verbetering in (binnelandse / buitelandse) beleggersvertroue (2)
Bevorder samewerking en vennootskappe (publiek-privaat) (2)
Deur besoekers, beleggers, inwoners en werkers te lok (aanvaar voorbeelde) sal daar 'n ekonomiese hupstoot wees (2)
Verhoging in munisipale tariewe en belasting (2)
Verbeterde basiese dienste en infrastruktuur (aanvaar voorbeelde) (2)
Vennootskappe met die gemeenskap om misdaad te verminder en jeugbemagtiging te verhoog (2)
Vermenigvuldiger-effek stimuleer ander besighede (2)
Verminderde stedelike verval / agteruitgang namate die ruimte beset word (2)
Estetiese aantrekkingskrag wat toeriste aanmoedig tot grondgebruiksone (2)
SSK verdien geld / inkomste, aangesien verbruikers aangemoedig word om die SSK te betree (2)
**[ENIGE DRIE]** (3 x 2) (6)

**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

## VRAAG 4: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

### 4.1 KAARTVAARDIGHEDE EN -BEREKENINGE

4.1.1 D (1) (1 x 1) (1)

4.1.2 C (1) (1 x 1) (1)

4.1.3 (a) Vallei (1) (1 x 1) (1)

(b) Daar is geen obstruksies tussen die twee verskynsels nie (1)
Niks blokkeer die uitsig tussen die twee punte nie (1)
5 is op 'n hoër hoogte as **6** met 'n duidelike uitsig (1)
Die twee plekke kan van mekaar gesien word. (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

4.1.4 (a) Afstand = **kaartafstand x kaartskaal**

4,9 cm (1) x 100 (Speling 4,8 tot 5)
490 m (1) (Speling 480 m tot 500 m) (2 x 1) (2)

(b) Gradiënt = $\frac{\textbf{Vertikale interval (VI)}}{\textbf{Horisontale ekwivalent (HE)}}$

VI:
993 m – 988 m = 5 m (1)

HE: 490 m

$\frac{5\ (m)}{490\ (m)}$ (1) (Vir korrekte vervanging)
(Speling: 480 m tot 500 m)

1 : 98 (1) (Speling: 1 : 96 tot 1 : 50) (3 x 1) (3)

(c) Die geleidelike gradiënt het stedelike ontwikkeling aangemoedig (Aanvaar voorbeeld van stedelike ontwikkeling wat op kaart aangedui word) (1)
Daar is 'n ontspanningsterrein (1)
Groot geboue is ontwikkel (1)
Dit is makliker om op geleidelike gradiënte te bou; kaart toon geboue (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

### 4.2 KAART-INTERPRETASIE

4.2.1 (a) Vertikaal (1) (1 x 1) (1)

(b) uitgrawing (1) (1 x 1) (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



(c) Omgewingsuitputting / besmet van die omgewing (1)
Stof besoedel die lug (1)
Biodiversiteit word verminder (1)
Tipes flora / plante spesifiek van die gebied word vernietig (1)
Die habitatte van die fauna / diere word vernietig (1)
Die verwydering van plantegroei veroorsaak 'n toename in gronderosie (1)
Voedselketting/voedselwebbe word ontwrig / vernietig (1)
Gevaarlike materiaal besoedel die lug, grond en water (1)
Groot oop skagte / steengroewe beïnvloed natuurlike topografie en dreinering (1)
Skadelike stowwe kan in die grond uitloog (1)
Stof, dampe en gasse (aanvaar voorbeelde) kan kweekhuisgasvrystellings verhoog (1)
Opwekking van harde geluide wat die natuurlewe versteur (1)
Oppervlak- en grondwaterkwaliteit en -hoeveelheid wat geraak word (1)
Besoedeling van die natuurlike omgewing (1)
Omgewing behandel op wyse wat die natuurlike omgewing bedreig (1)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

4.2.2 Strate kruis reghoekig (1)
Strate is parallel met mekaar (1)
Paaie kruis mekaar teen hoeke van 90° (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

4.2.3 Daar is te veel stop-ry / kruisings (2)
Baie stopstrate / verkeersligte (2)
Potensiaal vir knelpunte as gevolg van opeenhoping by kruisings (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

4.2.4 N (1) (1 x 1) (1)

4.2.5 Huise is in ŉ ry langs die pad geleë (1)
Huise is gegroepeer / naby mekaar (1)
**[ENIGE EEN. KANDIDAAT MOET NA BEIDE DIE KERN- EN LINEÊRE PATROON VERWYS]** (2 x 1) (2)

4.2.6 Meer privaatheid (1)
Meer outonoom (kan eie besluite neem) (1)
Boere is meer onafhanklik (1)
Groter winste word gemaak (1)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

 SA EXAM PAPERS 

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.3 **GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)**

4.3.1 D (1) (1 x 1) (1)

4.3.2 Inligting wat die eienskappe van 'n voorwerp beskryf of gee. (2)
Beskryf eienskappe van 'n kenmerk wat op 'n spesifieke plek gevind word. (2)
**[KONSEP]** (1 x 2) (2)

4.3.3 Gradiënt / gelyk grond (2)
Beskikbaarheid van ruimte / grond (2)
Grond / grondstabiliteit (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

4.3.4 Dreinering / waterbronne / hidrologie (1)
Verligting / topografie (1)
Geologie / grond (1)
Vervoer (1)
Klimaatsveranderlikheid (1)
Grondbedekking (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

4.3.5 Watervoorsiening vir besproeiing / huishoudelike doeleindes (Aanvaar voorbeelde) (2)
Geskikte gradiënt vir verbouing / ploeg (aanvaar voorbeelde) (2)
Vervoerskakels vir landbou-insette en -produkte (aanvaar voorbeelde) (2)
Geskiktheid van grond vir landboupraktyke (Aanvaar voorbeelde) (2)
Klimaat sal die tipe boerdery bepaal / hoe om opbrengste te maksimeer (2)
Die grondbedekking / plantegroei sal die tipe boerdery beïnvloed (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)
**[30]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS